

Daar is 'n dringende behoefte aan 'n gekoördineerde benadering tot roofdierbestuur in Suid-Afrika. Volgehoue gebruik van 'n kombinasie van die beste praktyke (insluitende nie-dodelike en dodelike metodes) sal mettertyd help om veeverliese te verminder.

Boere moet probeer om nie alle roofdierspesies dood te maak nie, veral as daar met redelike sekerheid bepaal is dat net 'n spesifieke dier of 'n paar diere is wat die skade veroorsaak het.

Dit is belangrik om te besef dit bly die produsent se verantwoordelikheid om sy vee te beskerm teen ongedierte, siektes en enige faktor wat tot nadeel van sy diere kan wees.

Roofdiere is onontbeerlik in die biosisteem en speel 'n belangrike rol om 'n gesonde balans in die natuur te handhaaf deur onder meer siek, swak en ouer diere te vang en te vreet. Sommige van die roofdiere is ook goeie opruimers en aas op die karkasse van wilde diere en vee.

Die roofdiere is territoriaal en die sosiale gedrag van spesies speel 'n groot rol in die afbakening van hul gebiede. Indien alle roofdiere ondeurdag doodgemaak word, ly dit tot 'n versteuring van die biodiversiteit in daardie betrokke omgewing en die natuur se natuurlike reaksie gaan wees om so gou as moontlik weer die balans te probeer herstel. Die vakuum wat geskep is, lei dus tot die invloei van vreemde roofdiere na die gebied. Hierdie groter getal jonger, vreemde diere wat in 'n nuwe habitat probeer neskop sal gewoonlik ook makliker op die beskikbare voedselbronne teer, veral kleinvee wat redelik moeiteloos gevang kan word.

Pogings om roofdiere voor die voet dood te maak en so veeverliese te beperk bied nie 'n oplossing oor die lang termyn nie. 'n Gebalanseerde benadering om die natuurlike prooibasis te verbeter, goeie kennis van die roofdierpopulasies, hul voorkeur loop- en bly-areas op die plaas (spesifiek die dominante en territoriale diere) en die beskerming van vee deur samewerking

tussen naasliggende plase wat saam 'n gekoördineerde roofdierbestuursprogram beoefen, sal gaandeweg bydra tot 'n betere kennis en verstandhouding van roofdiere se bewegings en blyplekke, wat dan weer op sy beurt sal ly tot 'n afname in veeverliese.

Daar is metodes wat geïmplementeer kan word om skade veroorsakende roofdiere te beheer. Persone wat roofdiere beheer (jagters en vee-eienaars) behoort by 'n bewaringsowerheid geakkrediteer te wees. Akkreditering word verkry deur die ervaring wat opgedoen is te erken en deur spesifieke kursusse vir akkreditering by te woon.

1. Gebruik verkieslik nie-dodelike metodes soos byvoorbeeld kuddebewaarders (honde, donkies en Alpakkas), krale, roofdierwerende heinings en beskermende halsbande.
2. Gebruik slegs wettige beheermetodes.
3. Gebruik beheermetodes op die korrekte wyse.
4. Sorg ten alle tye dat alle moontlike kennis van die betrokke beheermetode wat aangewend gaan word deeglik nagevors word alvorens dit geïmplementeer word. Hanteerders moet opgelei wees.
5. Teiken slegs die roofdier wat veeverliese veroorsaak het en nie die spesies nie.
6. Hou volledige rekords van verliese weens roofdiere en statistiek (spesie, geslag, ouderdom, maaginhoud, ens.) van dié wat gedood is.
7. Verskaf bogenoemde inligting aan 'n bewaringsinstansie wat roofdierbestuur koördineer.

### **Kriteria waaraan alle beheermetodes gemeet moet word:**

1. Dit moet koste-doeltreffend wees en die koste van die beheermaatreëls moet in lyn wees met die verliese wat gely is.
2. Moet effektief en suksesvol wees deur geakkrediteerde jagters te gebruik.
3. Moet genadiglik wees en lyding beperk.
4. Moet selektief wees en gerig op die spesifieke roofdier wat skade veroorsaak het.
5. Moet ekologies aanvaarbaar wees met 'n minimum uitwerking op die spesie en die omgewing.

Die volgende plan is gebaseer op gespesialiseerde kennis (Viljoen, pers comm. 2009). Die suksesvolle bestuur van ongedierte, vereis die ontwikkeling van 'n natuurlike habitatplan waar die produsent verskillende predatore, hul getalle en hul geaardheid kan waarneem.

### **'n Tipiese geïntegreerde ongedierte bestuursplan sluit die volgende in:**

1. 'n Kaart wat watergate, neste en gebied aandui;
2. Besonderhede van teling-seisoen;
3. Aantekeninge van produksie-inligting, verliese en koste van metodes, asook aktiewe kontrole beheer, inligting van spesie, geslag, ouderdom en maaginhoud van gejagte ongediertes;
4. Kontakbesonderhede van Natuurbewaringsbeamptes betrokke by beheer en bestuur van groot ongediertes;
5. Maak voorkeur gebruik van nie-dodelike beheermaatreëls.

6. Klok- en reukbande. Hierdie nekbande is goedkoop, lae onderhoudskoste, maklik om te gebruik, vryelik bekombaar en ontwikkel deur boere vir plaaslike omstandighede. Indien dit té gereeld gebruik word, kan dit ook die lokaliteit van die vee weggee.

Die volgende kan ook oorweeg word:

- **“Veldwagter” nekbande** : hierdie tegnologie bevat ‘n sensor wat beweging gekoppel is. Dit stel die boer in staat om te reageer op ‘n moontlike ongedierte of diefstal in die trop. Die nadeel is egter dat hierdie nekband net in ‘n selfoon opvangsarea funksioneer.
- **Heinings** : Dit is die enigste metode en hulpmiddel wat 365 dae van die jaar in die pad van ongediertes staan. Dit is ‘n duursame langtermyn oplossing vir kleiner gebiede. Ongediertes grawe gate onderdeur die heining. Verseker dus dat die basis van die heining geheg is, vas teen die grond. Elektrifisering van heinings kan ook ‘n oplossing bied.
- **Afskrikmiddels** : Dit kan insluit ligte of alarms wat die ongedierte ontsenu.
- **Beskermingsdiere**

Daar is nuwe belangstelling in meer effektiewe, tradisionele maniere om vee te beskerm, bv. Anatoliese honde, alpakkas en donkies. Die gebruik van Anatoliese honde is alleenlik effektief as hulle korrek geselekteer en opgelei is. Die honde moet van kleintyd in die omgewing geplaas word sodat hulle kan bind met die trop.

Donkies is ook goeie waghonde. ‘n Enkele donkie, veral vroulik, neem die trop as haar eie aan en sal dit dus beskerm.

Alpakkas word ook aangewend as beskermingsdiere. Navorsing het getoon die effektiwiteit van die Alpakka is as gevolg van hulle nuuskierige en vreeslose geaardheid.

- **King Halsbande:** Die King halsband is 'n wye, verstelbare PVC halsband wat om die nek van elke lid van die trop geplaas word. Dit maak dit moeilik of onmoontlik vir 'n jakkals om 'n dier aan die keel te byt.
- **Doodstop Halsbande:** Dit is 'n stewiger halsband as die King Halsband en beskerm die trop teen rooikat aanvalle. Ander beheermaatreëls is nodig as skaap van agter gebyt word.

Dit bly belangrik dat werksmense opleiding ontvang rakende ongediertes en alle hulpmiddels om hul getalle te beheer om dié metodes doeltreffend aan te wend.